

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 84**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## **HEMELVAART**

*Die wat bymekaargekom het, vra Hom (Jesus) toe en sê:*

*Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?*

*En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye en geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.*

*En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.*

*En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.*

*Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is. (Handelinge 1:1-12).*

*En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydschap. En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank. (Lukas 24:52-53).*

## **PINKSTER**

*En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.*

*En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.*

*En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe die geluid kom het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek dan nie Galileërs nie? (Handelinge 2:1-7).*

# WAS DIT VERRAAD?

Dis nou een ding, sê u, wat u nie begryp nie — die hemelvaart van Christus. Dit voel vir u asof Hy verraad gepleeg het teenoor sy mense, asof Hy sy dissipels in die steek gelaat het.

En nou moet ek eerlik wees en sê: Ek sal nie verbaas wees as iets daarvan aanvanklik ook in die harte van die dissipels geleef het nie. Ook hulle het in die begin niks van die hemelvaart van Christus verstaan nie. Kyk hoe staan hulle na die hemelvaart daar op die Olyfberg: 'n klompie verwese en verslae mense. Hulle praat nie. Hulle staar net na die hemel, na die wolke waaragter Hy verdwyn het.

En ook geen wonder nie. Daar het nog soveel vrae oorgebly: Oor die koninkryk wat moet kom, oor die betekenis van Christus se opstanding, oor die toekoms. Daar was soveel onsekerheid en ang. Wat was hulle sonder Jesus? 'n Groepie eenvoudige mense, vissers sonder geleerdheid, Galileërs sonder aansien. Die moontlikheid is groot dat hulle, noudat Jesus weg is, weer in hul ou sondes en swakhede sou terugval, dat Thomas maar weer die twyfelaar, Jakobus weer die driftige, Petrus weer die onberekenbare sou word.

## Sonder Hom

Daarby was die taak wat Jesus hulle opgedra het so ontsettend groot. Hulle moet sy getuies wees. Hulle moet teruggaan na Jerusalem — Jerusalem wat die profete doodmaak, wat die lêplek van die duiwel geword het — om die geloof in Jesus te gaan verkondig. Nog meer, Hy het gesê hulle moet dit tot aan die uiterste van die aarde doen.

Wat 'n opdrag!

En dit sonder Hom!

Was dit dan nie verraad nie? Het Hy sy dissipels nie in die steek gelaat deur juis op daardie stadium na die hemel op te vaar nie?

## Perspektief

Ek gee toe, iets van hierdie gedagtes kon miskien aanvanklik in die harte van die dissipels geleef het.

Maar u moet my toegee: Dit het nie so gebly nie. Want kyk, die woord van die engel na Jesus se hemelvaart: "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel", word in die Bybel spoedig deur 'n ander woord opgevolg: "En hulle (die dissipels) het Hom (Jesus) aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydschap".

Toe die dissipels eers perspektief op sake gekry het, toe het hulle presies anders begin dink.

Die engel het gesê: Hy is in die hemel opgeneem.

Vir die Israeliete was die hemel bo alles die woonplek van God, die plek waarvandaan daar geregeer word. Daar kom al die drade van die wêreldgeskiedenis en van die menseleuens bymekaar. En daarheen het Christus nou opgevaar, want so het Hy reeds vantevore vir hulle gesê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde".

## Hy is Koning!

Alles saamgevat beteken hierdie dinge oneindig veel vir sy dissipels.

Sy hemelvaart was nie sommer 'n weggaan uit die strydperk nie, dit was 'n troonsbestyging. Dit was die aanvaarding van die heerskappy wat die Vader Hom as vrug van sy volbragte verlossingswerk aangebied het. Hy sal nou die eeue na hulle bestemming lei. Met ander woorde: Hy gaan sy dissipels, sy kerk, nog altyd voor, nou net vanuit die hemel. Soos 'n

Josua van ouds (Jesus en Josua is dieselfde naam!) sal Hy sy volk inbring in die beloofde Kanaän. Het Hy dan nie reeds vantevore vir hulle aangekondig nie: "Ek gaan om vir julle plek te berei?"

Die vrugte hiervan vir sy volk kan nie anders as groot en heerlik wees nie.

Daarom kom daar ook 'n totale ommekeer in die harte van sy dissipels. Hulle gaan na Jerusalem terug met groot blydschap. Met ywer gaan hulle om hulle in te werp in die uitvoering van hulle deel van die werksprogram. Ja, hulle weet wat op hulle wag. In Jerusalem huil die wolwe. Die Satan gaan rond soos 'n brullende leeu om te soek wie hy kan verslind. Hulle sal dit moet ontgeld. Maar hulle weet: "Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie". God se kerk sal staande bly. Want hulle Here is Koning! Christus tree vir hulle in by die Vader in die hemel. Hy stuur die gange van die geskiedenis. Daarom hoor ons van sy dissipels: "En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank".

Die mooiste dag

Die hemelvaart was Jesus se kroningsfees. Hoe sal sy volgelinge dan nie jubel nie. Hulle weet immers ook nog dit: Hy kom weer! So het die engele dit vir hulle gesê. Die mooiste dag lê dus nog voor. Die Bruidegom sal sy bruid kom haal. Hy het dit belowe: "Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem".

Een ding is dus baie duidelik: Sy hemelvaart was geen verraad teenoor sy dissipels nie. Hy het hulle nie in die steek gelaat nie. Presies die teenoorgestelde: Hy het die heerlikheid gaan aanvaar, om dit ook aan sy kerk uit te deel.

Aan sy kerk! U behoort tog seker ook daarby.

**F.J.L.**

# IDIOTE WORD WÊRELDVEROWERAARS

Daar by die tempelpoort het hy daagliks gesit, 'n bedelaar, 'n kreupel-geborene van sy jeug af.

Op 'n dag het twee manne daar verbygegaan, Petrus en Johannes, dissipels van Jesus Christus. En hulle het die kreupel bedelaar genees — in die Naam van Christus.

Die Joodse Raad was daarvoor baie ontevrede. Die volgende dag het Petrus en Johannes voor die Raad verskyn. Hulle moes antwoord op die vraag: "Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen?" (Hand. 4:7).

Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: "Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel. Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan . . ."

En dan volg die baie interessante mededeling: Toe die Raad "die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken".

Die woord wat hier vertaal is met eenvoudig, is in die oorspronklike Grieks letterlik: Idiote.

In die oë van die Joodse Raad was die apostels idiote.

Maar hierdie selfde idiote het wêreldveroweraars geword. Hulle het die evangelie van Christus tot aan die eindes van die wêreld gedra. Hulle geskifte word vandag nog deur miljoene gelees. Die gekruisigde Heiland wat hulle verkondig het, is die krag en troos van mensemenigtes wat soek na lig en lewe.

Wat was die geheim van hierdie "idiote"?

Hulle was, so staan daar, vervul met die Heilige Gees.

Dit was Pinkster. Die Gees van God het hulle harte oorstroom. Hy het hulle met vurige tonge laat spreek. Hy het hulle besiel met die moed en die krag om singend die marteldood tegemoet te gaan, ter wille van Jesus Christus. Dit is die krag van die Christelike geloof.

Wil u iets van die geestelike krag van hierdie manne hê?

Smeek God dan om ook u te vervul met sy Heilige Gees (Mattheus 11:13).

**P.W.B.**

# WAAROM SUG DIE GELOWIGES?

Daar is 'n eenvoudige liedjie wat sê dat Jesus alle wonde heel en alle smart genees. Is die liedjie waar? Ja . . . maar dan nie in onmiddellike sin nie. Die Bybel weet ook nog van 'n ander werklikheid: dat die lewe van die gelowige 'n lewe vol sugte is, 'n lewe vol teleurstelling en trane, 'n lewe in die Christelike hoop, 'n lewe vol spanning om ook maar iets te sien verskyn van die heerlike dinge wat deur Christus aan die kruis en in sy opstanding vir ons verkry is ...

## *Nie waar nie*

Dit is dus nie waar nie dat vir die gelowige daar *geen vrae, geen probleme* meer oor bly nie, en dat *alle trane* afgevee word nie. Paulus praat in Rom. 8:18-26 baie duidelik oor die sugte van hulle wat die naam van Jesus ken ... En nou moet u dit baie goed in gedagte hou dat dit hier gaan oor mense wat verlos is. Hulle skuld is weg.

Hulle weet dat hulle kinders van God is, want die Gees getuig met hulle gees dat hulle kinders van God is (Rom. 8:15-17).

Hulle het daardeur erfgename van God geword, skatryk in Christus: Die hemelse heerlijkheid met alles wat dit inhou is aan hulle testamentêr bemaak — dit kan nie meer van hulle weggeneem word nie. In hulle hart woon die Heilige Gees en op hulle lippe lê die woorde: Vader, Vader.

## *En tog sug hulle*

Paulus sê: Maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons *sug* ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders nl. die verlossing van ons liggaam, (Rom. 8:23).

Maar waarom sug die gelowige dan?<sup>7</sup> Die antwoord is duidelik: ons wat die Heilige Gees as eerste gawe ontvang het, ons sug ook in onself. Die gelowiges sug omdat hulle verlossing 'n *voorlopige karakter* dra . . . Hulle sug omdat hulle met verlange uitsien na die volkome verlossing. Hulle sug omdat hulle *nog nie alles* ontvang het nie. Hulle is deur die Heilige Gees in 'n bevoorregte posisie geplaas: kinders van God, maar hulle het nog nie die verlossing van hulle liggaam ontvang nie. Hulle is wel kinders van God, maar hulle bestaan in die vlees is nog nie verlos nie. Hulle lewe nog net soos ander mense onder die gevolge van die sonde. Siekte, droefheid, pyn is nog die deel van die gelowiges. Hulle aardse bestaan is nog aan die dood onderworpe.

## *Het daar dan niks verander nie?*

Dit sou nie reg wees om te sê dat vir die gelowiges niks verander het nie. In werklikheid het alles verander. Dit het egter verander in *God se belofte*. Die gelowiges het die belofte dat alles eenmaal radikaal anders sal wees. Voorlopig lewe die gelowiges tussen twee wêrelde: die ou wêreld wat vergaan, die nuwe wêreld wat nog kom. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag (Rom. 13:12). Maar *voorlopig* is die nag *nog 'n werklikheid*. Daarom sug die gelowiges nog. Hulle sug in verlange dat die dag moet deurbreek in sy volle glorie. Eers dan sal alles wat hulle nou in God se belofte besit, in volle heerlijkheid hulle deel wees. Intussen is dit egter nog net die *belofte* wat hulle besit en waarmee hulle soos 'n klein stormlamp die donker nag moet deurbreek.

## *Nie te veel wil sien*

Ons moet dus nie te veel wil *sien* van verlossing wat in Christus reeds die deel van die gelowiges geword het nie. Die gelowige wandel deur geloof nie deur aanskouing nie. Wat hy reeds het is die eersteling van die Gees (Rom. 8:23). Die Heilige Gees wat reeds aan hom gegee is, is die eersteling van die volle oes wat nog moet kom, soos die eerste ryp vrug van

die seisoen die belofte bevat van die hele, ryke oes wat aan die kom is.

### ***Waarop wag ons dan?***

Paulus sê: "ons sug ook in onself in afwagting van die *aanneming* tot kinders". En hy omskryf die aanneming tot kinders met die volgende woorde: Die verlossing van ons liggame! Ons liggame is dus tans nog nie verlos nie. As deel van die Skepping is die sigbare, uitwendige sy van ons bestaan, vanweë die sonde, nog aan die nietigheid onderworpe. Daarom sug en verlang ons na die dag wanneer ons liggame, ons aardse bestaan, volkome verlos sal wees. Kinders van God is dus ook ontevrede mense, maar dit is 'n heilige ontevredenheid. Die Heilige Gees laat hulle nie tevrede wees met die huidige situasie van verganklikheid, van gebore word en sterwe, van jammer en ellende nie. Hulle wag op die openbaringmaking van die kinders van God. Hulle sug na die dag waarop hulle *in die openbaar* tot kinders van God uitgeroep sal word.

Dit is dus nie 'n hopelose sugte nie. Dit is 'n sugte in die sekerheid dat die toekoms sal aanbreek, ja dat die einde naby is. Die einde met die *nuwe begi*, die verlossing van die liggaam, van hulle hele aardse bestaan. Dit is 'n hoopvolle sug waarin die Heilige Gees saam met hulle sug. Dit hoort tot die barensood (let op nie sterwensnood nie) van die nuwe dag. Die Heilige Gees en die kerk roep dat dié dag van verlossing nou eindelijk moet aanbreek!

En terwyl hulle hier sug na die dag van bevryding, word hulle in 'n sekere sin los van die dinge hier en hulle word *verander* in gedaante na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is. (2 Kor. 3:18).

### **C. Hattingh.**

# DIS GEEN LOPIE NIE!

"Wat het van ou Joop geword, Piet? Hy was 'n gereelde aanvangskolwer vir Westelikes, maar dis weke laas dat ek hom gesien het".

"Hy speel nog krieket, Ronnie, maar hy speel nie meer op Sondae nie. Dit bots met sy godsdienstige oortuigings".

"Met sy godsdienstige oortuigings? Wil jy vir my sê ou Joop sit nou Sondae in die kerk?"

"Ek reken so".

"Maar wat skort met die man? Ek kan tog aan baie opwindender dinge dink as om Sondag na Sondag te sit en luister na 'n man wat jou wil wys maak dat die stories van die Bybel waar is".

"Ek weet darem nie, Ronnie. Ek dink daar is verskillende soorte opwinding. Dit wat jy Sondae in die kerk geniet, is iets anders as wat jy byvoorbeeld ervaar wanneer jy 'n honderdtal slaan. En die Bybelverhale waarvan jy praat, kan dalk waar wees, weet jy!"

"Kyk hier, Piet, as jy dink jy kan my oorreed om sulke dinge te glo, dan maak jy 'n fout. Ek gee nie 'n duit om vir julle Bybelstories nie".

"Stadig nou, ou maat! Het jy al ooit werklik moeite gedoen om die Bybel van nader te bekyk? Kom, wees eerlik!"

"Nouja . . . ek . . . ek het darem die katkisasieklasse bygewoon".

"En daarna?"

"Skei uit, Piet! Ek verskyn nie nou voor die kerkraad nie!"

"Nee wag, Ronnie, jy het 'n paar skerp dinge kwytgeraak. Jy het die Bybel veroordeel sonder dat jy werklik moeite gedoen het om dit ernstig te lees. Is dit eerlik? Jy is mos 'n sportman, nie waar nie. Jy hou net so min soos ek daarvan dat daar op een of ander manier oneerlik te werk gegaan word. Oneerlikheid maak sport dood. Nou vra ek jou: Is dit eerlik om die Bybel te veroordeel sonder dat jy ernstig daarna geluister het?"

"Wel . . ."

"Wel wat?"

"Miskien is jy reg, Piet. Dalk het ek nog nooit reg na die Bybel geluister nie. Ons Sondagskoolonderwyser het altyd sulke vreeslike stories te vertel gehad. Dit het my siek en sat gemaak. Jy weet . . . van die hel en die oordeel en . . ."

"Was dit die eintlike onderwerp waaroor dit gegaan het, Ronnie?"

"Nou nie juis nie, maar baie keer het dit tog maar weer hierop neergekom: Julle moet julle bekeer of julle beland in die hel!"

"Nouja, as dit so is, dan het jou Sondagskoolonderwyser jou gruwelik verwaarloos. Die Bybel is tog in die eerste plek 'n boek vol goeie nuus; dis nie 'n klomp nare verhale vol slegte tyding nie. Die Bybel vertel bo alles van God se verlossingswerk in Jesus Christus. Dit wil jou verseker dat God hierdie wêreld, nadat die mens deur sy sonde daarvan 'n nes gemaak het, wou herstel, dat God met ons is en wil wees. Daarom staan die pad na Hom toe vir ons wawyd oop. Natuurlik, die Bybel praat ook van oordeel en gerig. Dit waarsku ons teen wat kan gebeur — en wat werklik sal gebeur! — met hulle wat God se roepstem om hulle tot Hom te bekeer, verwerp. Maar die Bybel doen dit eers nadat Hy die goeie boodskap van God se liefde gebring het. Met ander woorde: Die Bybel begin met die hemel en nie met die hel



nie. Ek sê dit omdat ek moeite met die Bybel gedoen het, Ronnie. Met hierdie dinge kan mens nie op goeie geluk staatmaak nie, net so min soos wat jy jou oë kan toeknyf wanneer jy 'n draaibal-aanval moet trotseer. Jy moet dit langs die weg van volgehoue oefening baasraak. Jy moet elke bal tot op jou kolf leer volg. So ook met die Bybel. Jy moet dit lees en ondersoek en leer om daarna te luister. Daarom het ek netnou van eerlik gepraat. Jy het geen reg om sommer afleidings te maak as jy nie bereid is om end-uit na God te luister nie. En nou wil ek vir jou sê: dis wat Joop gedoen het. Hy het end-uit na God geluister. Daarom speel hy nie meer op Sondae krieket nie".

"Ek begryp, Piet. Dit lyk vir my logies. Om net so 'n entjie tussen die paaltjies te hardloop, is nog geen lopies nie. Jy moet end-uit gaan, anders vang hulle jou uit. Dalk moet ek ook maar weer gaan lees en dink".

"Nou praat jy, ou maat!"

**H.M.G.**

# IS JY NET 'N NOMMER?

Die telefoon lui .....

"Ja ... 78 hier".

"Is dit 78 wat daar praat?"

"Ja, dit is 78".

"Hou die lyn 78 . . . ek skakel u deur na 2931, 2931 wil met u praat".

Ja, so gaan dit in hierdie moderne lewe . . . nommers en nogmaals nommers. Oor die telefoon klink dit "U nommer asseblief" . . . Ry jy met die trein dan is dit nommers . . . Gaan jy na die teater dan is dit nommers. Dit maal naderhand deur 'n mens se kop.

Ons hele lewensgeskiedenis word in nommers geskryf.

Vernaamlik in die groot stede.

As nommer word ek aangetik by my geboorte en as nommer afgetik by my sterwe.

Geboorteregistrasienommer . . .

'n Nommer op jou persoonskaart. . .

'n Posbusnommer . . .

Huisnommer . . .

Telefoonnommer. . .

Motorregistrasienommer . . .

En eindelijk is jy 'n nommer in die kerkhof!!

Jy voel soos 'n rat in die masjien, nie waar?

En bowendien bly jy nog in 'n skakelhuis . . . hy lyk netsoos die ander huise.

Dan word die lewe so kleurloos, onpersoonlik.

"Die mens leef nie meer nie maar word geleef", het iemand gesê.

En daarna smag geen mens nie. Nee, ons smag daarna om geken te wees . . . persoonlik . . . intiem.

Hoe dikwels voel jy nie gelukkig as die geneesheer persoonlik in jou belangstel nie . . . Hoe baie mense wat vereensaam is in die stede, spandeer honderde rande aan dokters net sodat hy persoonlik kan aandag gee aan hulle.

Almal wil as persoon behandel wees.

Liewe vriend, luister nou . . . ek wil op jou nommer druk!

Ek wil persoonlik met jou praat. . . nie oor die telefoon of as nommer nie, nee, intiem, geselik.

Net ek en jy!

Ek wil daardie nommerkompleks van jou wegskeur.

Ek wil al jou nommers vat en dit voer in die masjien van die lewe en jou wys dat dit tog maar jy is wat anderkant uitkom.

Ek wil woorde van ewigheidsbetekenis aan jou hart vasbind.

Leef daaruit.

Ek weet van iemand wat jou persoonlik ken.

Op jou naam.

"Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne". (Jesaja 43:1).

Hard en duidelik roep Jesus Christus jou op jou naam!

Nie 'n onpersoonlike roep nie . . .

Nee Hy spreek met jou in die hartkamers van jou lewe, persoonlik. Hy roep fluisterend in jou binnekamer.

Dit is tog die wortel van ons troos dat ons deur Hom geken word.

Dat Hy jou persoonlik liefhet en ken.

In die Bybel behandel hy almal persoonlik: Die siekes, die kreupeles, die ryk jongman, armes, blindgeborenes, 'n sondares, Judas, Johannes, Petrus, Paulus . . .

Hy is die goeie Herder.

"Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk . . . Ek sal hulle oppas soos dit reg is". Esegïel 34:16.

"En julle is my skape, die skape van My weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here HERE". Esegïel 34:31.

Sien jy hoe persoonlik ken God jou?

Hy is ook God . . . nie 'n nommer in die ry van afgode nie.

Hy stel Hom voor aan jou . . . "julle is mense, Ek is julle God . . ."

God ken u, al het u afgedwaal.

God ken jou nommers . . . huisnommers en telefoonnommer.

Dit skakel in u ore ...aanhoudend . . die sleutels van die hemelryk rinkel in u ore.

God spreek . . . luister!!

Openbaring 20:15 . . . "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp".

Vriend asseblief, God vergader die wat Hy ken in die kerk, en eendag in die hemele. Nie as nommers nie maar as verlostes in Christus die Here.

Persoonlik . . . vergader Hy hulle.

Elkeen sal 'n nuwe naam op sy of haar voorkop ontvang.

Nie nommers nie. Name wat die deugde van God sal verkondig.

"En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees". Openbaring 22:4.

Vriend, asseblief, ek het klaar op jou nommer gedruk!

**A. G. C. Yssel.**

## ***WANNEER JULLE HIERDIE DINGE SIEN . . .***

En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?

En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei!

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nie die einde nie.

Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.

En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.

En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.

Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.

Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.

En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

**(Matth. 24:1-13, 25-30).**